Goeie nuus!

Die vorige uitgawe van *Matieland* het 'n tweede plek by die jaarlikse Unitech Excellence Awards gewen! Unitech is die vereniging vir bemarkings-, kommunikasie- en fondswerwingspraktisyns van die verskillende tersiêre instansies in Suid-Afrika.
Natuurlik voel ons soos kinders met 'n nuwe speelding daaroor, maar saam met die sertifikaat kom ook kommentaar. Baie daarvan. Daarom het ons hierdie keer nog harder gewerk om te slaag in *Matieland* se doel: 'n lekkerlees ervaring vir Oudmaties.
Maar hoe voel jý oor die tydskrif? Wat moet meer? Wat moet minder? Wat moet totaal uit? (Ja, daardie borriegeel agtergrond wat ons op bl 4 en 5 gebruik het, was toe glad nie so mooi soos wat dit op die rekenaar voor die tyd gelyk het nie!). Skryf gerus aan my en gee jou mening!

US is die mees innoverende universiteit.

Soos met die twee vorige uitgawes van *Matieland* fokus ons ook hierdie keer op 'n aspek van die Universiteit se Toekomsvisie 2012. Hierdie keer sluit ons aan by die punt wat lees "Bou aan die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika". Ons fokus dus op innovasie en wat 'n beter geleentheid is dit nie met die US wat vroeër vanjaar die toekenning ontvang het as die mees tegnologies-innoverende universiteit in Suid-Afrika. Lees meer hieroor in ons hoofrubriek "US is mees innoverende universiteit in Suid-Afrika".
Dis mos die tipes prestasies wat jy verwag van jou alma mater!

Hier's jóú *Matieland*, geniet hom!
Martin

Ps: In koerante, op die radio, op die Internet en selfs op TV is al baie gesê en gedebatteer oor die gebruik van Afrikaans aan die US. Lees meer oor die verskillende standpunte by www.sun.ac.za. Kliek op 'taaldebat'. Daarom is daar besluit om nie in hierdie uitgawe van *Matieland* daaraan aandag te gee nie - juis omdat daar soveel ander interessante nuus is.

Die Matiewinkel is binnekort oop!

Skakel vir Linda Meyer met jou mening oor watter Oudmatie memorabilia jy graag sal wil sien.
Tel (021) 886 8853
Winkel 10, Neelsie Studentesentrum

Stellenbosch FARM SALES

R4,6M: **37 Ha Paarl**
13 Ha wingerd, Sauvignon Blanc en Cabernet, twee 2 slaapkamer huise, pragtige berge en dam uitsigte. Goeie grond, baie water, ideale boetiek plaas. R30 000 per maand netto inkomste.

R4,6M: **4 Ha Stellenbosch**
3 Ha rooi variteite wingerd, asemrowende uitsigte van berge, gesogte area, 1 ha om droomhuis te bou.

R7.5M: **4 Ha Stellenbosch**
3 Ha of vines, 7 bedroom, 5 bathroom main house ideal for guest house, two bedroom cottage in sought-after valley.

R1,85M **3300 Ha Laingsburg**
4 Kampe met water, pragtige gerestoureerde 3 slaapkamer huis, doringlope met pragtige berge, 30km van dorp naby Floriskraaldam en Anysberg Natuur Reservaat. Baie geskik vir wild. Hele plaas is met jakkalsproef omhein.

R18M: **64 Ha Stellenbosch**
Historiese wynplaas, 45 ha beplant met hoë kwaliteit wingerde, 500m² huis van 1760, pragtige uitsigte oor Tafelberg en pragtige groot dam op plaas. Mooi area.

P.O.A: **48 Ha Stellenbosch**
Bekende handelsmerk, helder 300 ton kapasiteit, 48 ha wingerd. Uitsigte van berge en see, uitsonderlike mooi area, wingerd kwaliteit is van top gehalte. 'n Moet om te sien.

Kontak Willie Badenhorst
083 298 8709(021) 883 3220
willie@safarmsales.co.za
www.stellenboschfarms.co.za

ONS VERKOOP PLASE LANDWYD